M.H.D. SMITH. *Boerepioniers van die Sandveld* (geredigeer en bygewerk deur R.T.J. Lombard). RGN: Pretoria, 1985. 240 pp. Geïll. R18,00 (eksklusief). ISBN 0 7969 0208 9.

As gevolg van die geografiese gesteldheid van die land het die eerste uitbreiding van die Blanke nedersetters aan die Kaap noordwaarts langs die weskus geskied. Teen die begin van die agtiende eeu, toe die besetting van die gebied oos van die bergreekse pas begin het, het die voorhoede van die noordwaartse trekbeweging reeds tot in die omgewing van Piketberg gevorder. Die kusvlakte langs die Kaapse weskus kan dus met reg beskou word as die oudste vestigingsgebied van Blankes in die binneland van Suid-Afrika.

Die vestigingsgeskiedenis van hierdie vroeë pioniers in die suidelike gedeelte van die Sandveld tussen die benede-Bergrivier en die Verlorevlei is die onderwerp van hierdie publikasie. Die eerste hoofstuk behandel die geskiedenis van die Sandveld voor die stigting van die Kaapse nedersetting en die eerste ontdekkingsreise oor land, terwyl hoofstuk 2 'n oorsig gee van die koms van die eerste veeboere na die gebied. Die volgende ses hoofstukke word gewy aan die bekendste families van die Sandveld, te wete die Coetzees, Smits, Brands, Kotzes, Vissers en Lambrechtse. Die boek word afgesluit met twee hoofstukke oor die ontstaan en verdere geskiedenis van die dorpe Redelinghuys, Velddrif en Laaiplek.

Dit is 'n waardevolle bydrae tot die genealogie van die bekendste Sandveldse families en veral die volledige stamlyste is baie handig. Ook as streekgeskiedenis kan hierdie publikasie hoog aangeslaan word. Dit kan beskou word as 'n gesaghebbende studie oor hierdie streek van ons land en die mense wat dit bewoon en ontwikkel het. Dit is duidelik dat die skrywer deeglike navorsing in sowel staats- as kerkargiefbewaarplekke gedoen het. Daarom is dit jammer dat die gebrekkige voetnoottegniek nie ten volle reg laat geskied aan die navorsing nie. Net die bewaarplek en bandnommer word in die voetnote vermeld sonder enige verwysing na die dokument, datum of bladsynommer. In ander gevalle word regstreeks uit ander bronne aangehaal sonder om die betrokke bron te vermeld.

Die skrywer het 'n vloeiende en maklik leesbare styl wat die mense en gebeurtenisse wat hy beskryf lewendig uitbeeld. Ons maak kennis met interessante karakters van die Sandveld, soos Theunis Erasmus Smit, grondbaron en geldskieter, ds. D.J. de Villiers van Redelinghuys en H.E. Smit, onderwyser van Velddrif. Besonder interessant is ook die vertelling van die lewe op 'n Sandveldse plaas gedurende die eerste dekades van hierdie eeu en die beskrywing van die visserybedryf te Velddrif en Laaiplek. Soms is die skrywer egter geneig tot herhaling, soos Dowe Jan Smit se verbintenis met die plaas Laaiplek wat op twee plekke in die werk breedvoerig bespreek word. Ongelukkig kom daar ook enkele spelfoute in die teks voor.

Ten spyte van kleiner tekortkominge lewer hierdie werk 'n belangrike bydrae op die gebied van die genealogie én streekgeskiedenis en is dit 'n waardige nalatenskap deur die skrywer, wat ongelukkig nie die publikasie daarvan beleef het nie.

*G.C. DE WET*
*Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad*